Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# MUSIEK: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur                                                                 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 21 klanksnitte en 'n Hulpbronboekie van 12 bladsye (i–xii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Twee bladsye gemerk vir rofwerk is in die Hulpbronboekie ingesluit.

2. Elke kandidaat moet 'n CD- of MP3-speler ontvang en moet vir die hele duur van die eksamen toegang hê tot hierdie luistertoerusting met kopfone. Kandidate mag nie tydens leestyd na die snitte luister nie. Let asseblief op die stemetiket vir elke snit wat die korrekte nommering van die snit bevestig. Die benaderde lengte van elke snit word in die vraag genoem. Indien jou snit nie die korrekte lengte is nie, vra asseblief die opsiener om bystand met jou klanktoestel.

3. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n antwoordboekie beantwoord nie. Die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moenie Tippex gebruik nie.

4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy dit om inligting in jou antwoorde te herhaal. Oor die algemeen sal een punt vir elke wesenlike feit toegeken word BEHALWE vir die OPSTEL, waar 'n halfpunt toegeken sal word per vergelyking met die oorspronklike werk.

5. Een blanko bladsy (bladsy 16) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsy indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Toon die nommer van jou antwoord duidelik indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

| VRAAG | MAKSIMUM PUNT | BEHAAL |
|---|---|---|
| 1 | 17 | |
| 2 | 19 | |
| 3 | 15 | |
| 4 | 13 | |
| 5 | 20 | |
| 6 | 16 | |
| **TOTAAL** | **100** | |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 1

Luister na **Snit 01 (00:43), Snit 02 (00:41), Snit 03 (00:33), Snit 04 (01:50)** en **Snit 05 (00:28)**.

1.1 Verbind elke term in die tabel hieronder met die snit waarin dit gehoor word. Gebruik elke term slegs een keer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | Saamgestelde tydmaat | F | Monofoniese tekstuur |
| B | Vergroting | G | Atonaal |
| C | Disjunk | H | Vers-refrein-vorm |
| D | Swing-ritme | I | Improvisasie |
| E | Koperblasers | J | Onderbroke kadens |

| **Snit 01** | **Snit 02** | **Snit 03** | **Snit 04** | **Snit 05** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

(5)

Luister na **Snit 06 (00:27)**.

1.2 Plaas die melodielyne in die volgorde waarin hulle gehoor word.

| | |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |
|  | |

(1)

IEB Copyright © 2022

Luister na **Snit 07 (01:05)**.

1.3 Ses eienskappe wat in **Snit 07** voorkom, word gelys. Die lirieke van **Snit 07** word in die tabel hieronder gedruk. Voeg elke eienskap **een keer** in die kolom aan die regterkant in, slegs by die punt waar dit die eerste keer voorkom.

- a capella
- accelerando
- vergrote akkoord
- gepunteerde ritme
- sekwens
- tromboon-glissando

| | |
|---|---|
| Dear kindly Sergeant Krupke<br>You gotta understand | ____________________ |
| It's just our bringin' up-ke<br>That gets us out of hand | ____________________ |
| Our mothers are all junkies<br>Our fathers are all drunks | ____________________ |
| Golly Moses, naturally we're punks! | ____________________ |
| Gee, Officer Krupke, we're very upset | ____________________ |
| We never had the love that ev'ry child oughta get | ____________________ |
| We ain't no delinquents<br>We're misunderstood | ____________________ |
| Deep down inside us, there is good! | ____________________ |
| There is good!<br>There is good, there is good<br>There is untapped good | ____________________ |
| Like inside the worst of us is good | ____________________ |
| That's a touchin' good story<br>Let me tell it to the world!<br>Just tell it to the judge | ____________________ |

(6)

IEB Copyright © 2022 

Luister na **Snit 08 (01:47)**.

1.4 Die volgende paragraaf bevat VYF onakkuraathede. Korrigeer hierdie onakkuraathede in die tabel hieronder.

Jy luister na die eerste beweging van Simfonie no. 3 deur Ludwig van Beethoven. Beethoven was 'n komponis wat die Romantiese tydperk en musiek van die 20ste eeu oorbrug het. Soos die eerste beweging van baie simfonieë is die musiek in rondovorm. Die simfonie het die subtitel "Heroic" en dit kan gesien word aan die musiek se mineur tonaliteit en *adagio* tempo. Die byvoeging van die piccolo, kontrafagot en trombone by die orkes verleen gewig aan die *forte* seksies.

| Onakkuraatheid | Regstelling |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

(5)
**[17]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2

Luister na **Snit 09 (00:16), Snit 10 (00:41)** en **Snit 11 (00:56)**.

2.1 Identifiseer die handeling wat in elke snit plaasvind en verduidelik hoe Mozart die karakters se vokale melodieë gebruik om die spesifieke toneel te versterk.

Snit 09:

Handeling: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

Vokale melodie: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

Snit 10:

Handeling: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

Vokale melodie: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

Snit 11:

Handeling: ______________________________________________

______________________________________________ (1)

Vokale melodie: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

Luister na **Snit 12 (01:36)**.

2.2 Die lirieke van 'n aria uit Mozart se *Don Giovanni* word hieronder verskaf. Lig DRIE voorbeelde van woordskildering uit wat in hierdie seksie van die aria aangetref word.

| | |
|---|---|
| Nella bionda egli ha l'usanza di lodar la gentilezza;<br>nella bruna, la costanza;<br>nella bianca la dolcezza;<br>vuol d'inverno la grassotta,<br>vuol d'estate la magrotta;<br>è la grande maestosa,<br>la piccina è ognor vezzosa. | Met blondines is dit sy gewoonte om hul goedhartigheid te prys;<br>met brunette, hul getrouheid;<br>met dié wat baie blond is, hul lieftalligheid.<br>In die winter hou hy van vettes,<br>in die somer hou hy van maeres.<br>Hy noem die langes majesteitlik.<br>Die kleintjies is altyd bekoorlik. |

(3)

Luister na **Snit 13 (01:38)** en **Snit 14 (01:01)**.

2.3 Bespreek hoe Bernstein musiek gebruik om verskillende etniese groepe in elkeen van die snitte uit *West Side Story* uit te beeld.

(6)

IEB Copyright © 2022

Verwys na **BYLAAG A** en **BYLAAG B** in die Hulpbronboekie.

2.4 Vergelyk die gebruik van die vergrote vierde (drietoon-) interval in Bylaag A en Bylaag B.

(4)
**[19]**


## VRAAG 3

Luister na **Snit 15 (00:47)**.

3.1 3.1.1 Noem die vorm van Snit 15.

(1)

3.1.2 Skryf die akkoorde wat die meeste met hierdie vorm in D♭-majeur geassosieer word. Moenie 'n toonsoortteken gebruik nie. Besyfer die akkoorde.



(3)

3.2 3.2.1 Gee die titel en naam van die orkesleier van Snit 15.

(1)

3.2.2 Noem die jazz-styl wat deur Snit 15 verteenwoordig word.

(1)

3.2.3 In watter dekade was hierdie jazz-styl die gewildste?

(1)

IEB Copyright © 2022 

Luister na **Snit 16 (00:57)** en **Snit 17 (01:00)**.

No smiling and laughing and grinning and dancing. No entertaining. They [bebop-musikante] wanted to be an artist just like Stravinsky, who was just a pure artist. – Greg Tate in *Miles Davis: Birth of the Cool.*

I think the intention [by die skep van *Birth of the* Cool] was to create a listening music, a concert music that very deliberately did not have the drive and the funk of [bebop] on it. But it was mainly about trying to create new colours in a way where you widen the palate of jazz. – Quincy Jones in *Miles Davis: Birth of the Cool.*

3.3 Verwys na die aanhalings hierbo en bespreek die musiek van Snit 16 en Snit 17 om die voorstelling en toonkleur van bebop en cool jazz te vergelyk.

(8)
**[15]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 4

4.1 Noem die vorm van die vierde beweging van Beethoven se Vyfde Simfonie.

______________________________________________________________________
(1)

4.2 Beskryf TWEE maniere waarop Beethoven hierdie vorm in die vierde beweging van sy Vyfde Simfonie uitgebrei het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________
(2)

4.3 Noem DRIE ander innovasies wat Beethoven in sy Vyfde Simfonie gebruik het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________
(3)

Bestudeer **BYLAAG C, BYLAAG D** en **BYLAAG E** in die Hulpbronboekie.

4.4 Noem die komposisietydperk van elke stuk.

| | **Komposisietydperk** |
|---|---|
| **Bylaag C** | |
| **Bylaag D** | |
| **Bylaag E** | |

(1)

4.5 Bespreek die instrumentasie van Bylaag C, Bylaag D en Bylaag E om jou antwoord op Vraag 4.4 te regverdig.

__________________________________________________________________________

(6)
**[13]**

## VRAAG 5

Luister na **Snit 18 (04:41)** en **Snit 19 (04:17)**, wat twee verwerkings van een van jou voorgeskrewe werke is.

Gebruik die musiek wat jy in Snit 18 en Snit 19 hoor en jou eie kennis om in 'n opstel krities te evalueer in watter mate die twee verwerkers van Snit 18 en Snit 19 die oorspronklike weergawe van die stuk herskep het. Jou evaluering moet op die musiekelemente in elke verwerking fokus.

**MOENIE** jou mening oor die gehalte ("goed"/"swak") van die verwerkings gee nie, maar gee in plaas daarvan spesifieke voorbeelde uit die opnames om te verduidelik hoe die twee verwerkers die oorspronklike werk herskep het.

Sluit benewens jou evaluering die volgende inligting in:

- Die naam van die oorspronklike werk en die komponis.
- Die komposisietydperk waarin die oorspronklike werk gekomponeer is.
- Twee kenmerke van die styltydperk wat in die oorspronklike werk voorkom.

IEB Copyright © 2022

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

| RUBRIEK VIR OPSTEL | |
|---|---|
| 20–16 | Kandidaat toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys en verwys na musiek-elemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens. Voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende evaluering van die werke met verwysing na die spesifieke eienskappe van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis. |
| 15,5–10,5 | Toon 'n begrip van die vraag, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf verwysings na musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., asook 'n paar verwysings na die spesifieke eienskappe van die snitte en die kandidaat se eie kennis. |
| 10–5,5 | Voldoen aan al die vereistes, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Beperkte verwysing na musiekelemente soos melodie, metrum, tekstuur, ens., met slegs gedeeltelike verwysing na die spesifieke eienskappe van die snitte en die kandidaat se eie kennis. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel. |
| 5–0,5 | Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite, die musiekelemente of die kandidaat se eie kennis of maak geen gebruik daarvan nie. Geen evaluering word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie. |

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022

**[20]**

## VRAAG 6

Verwys na **Bylaag F** in die Hulpbronboekie.

6.1 Noem die Suid-Afrikaanse stadsmusiekstyl wat deur elke foto in Bylaag F verteenwoordig word. Gee 'n rede vir elke antwoord.

| | **Styl** | **Rede** |
|---|---|---|
| Foto 1 | | |
| Foto 2 | | |
| Foto 3 | | |
| Foto 4 | | |

(8)

Luister na **Snit 20 (02:26)** en **Snit 21 (04:15)**. Lirieke vir albei liedere kan in **BYLAAG G** in die Hulpbronboekie gesien word.

Terwyl Snit 20 ten tye van die gedwonge verskuiwing uit Sophiatown geskryf is, is Snit 21 Thandi Klaasen se herinneringe aan Sophiatown.

6.2 Verduidelik watter lied, Snit 20 of Snit 21, die stemming van Sophiatown-inwoners in die middel van die 1950's die beste weerspieël, watter lied Suid-Afrikaanse stadsmusiek van die 1950's die beste weerspieël en watter lied die effektiefste is as 'n proteslied.

IEB Copyright © 2022

(8)
**[16]**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022